

20 November

Filemon

Versoening wanneer ek ander kwaad aangedoen het

Kom ons tot berou nadat ons iemand kwaad aangedoen het, worstel ons met die vraag: Wat nou gemaak? Nadat Onesimus teen Filemon oortree het, kom hy tot inkeer. Moet hy die saak net so laat of moet hy teruggaan? Wat is die Here se wil? Deur Paulus vind ons die rigtingwysers:

Gaan en erken jou skuld teenoor die ander party. Die hele brief adem die gees van skulderkenning. Hier is geen blyke van ontkenning of verdoeseling nie. Onesimus se sonde is sonde. As Paulus so pleit vir Onesimus, besef ons hoe ver iemand van ware berou is indien hy sy eie kwaad verskoon of wegsteek.

Onesimus kon van Filemon weggebly het. Tog gaan hy terug ondanks groot gevaar. Filemon kon hom selfs die doodstraf oplê. Dit toon aan ons die belangrikheid van versoening. Ons kan nie 'n saak bloot laat lê nie.

Ware berou gaan gepaard met die behoefte om reg te maak waar verbrou is. Paulus sê: "As hy jou enige skade aangedoen het of iets skuld, sit dit op my rekening" (vers 18). Dit was die gebruik dat 'n nuwe eienaar van 'n slaaf vergoeding moes gee aan die vorige eienaar in geval van skade. Ware berou wil vergoed, wil regmaak. Indien u 'n ander party deur sonde benadeel het, is dit nie tyd om reg te maak nie?

Gaan terug en maak reg.

Sing: Psalm 133:1, 2

Ds. J.G.L. van der Walt (Oudtshoorn)